

# DIE ORATORIUM GEBEDSWEG

## *Die Klein-Karoo se eie Klein Camino*

*Die naam ORATORIUM beteken “plek van gebed”. Sint Filip Neri (1515-1595) het destyds in Rome saam met ’n groepie gelowiges gereeld in die solderkamer van ’n kerk bymekaar gekom om die Heilige Skrif te bestudeer en oor die geskiedenis en leerstellinge van die Kerk en veral die lewens van die heiliges te praat. Ná afloop van hul samekomste was dit hul gewoonte om deur die strate van Rome te stap en kerke, heiligdomme en bedeskryne te besoek. Uit hierdie groepie en hul manier van bid en omgaan met die dinge van die geloof het die latere Kongregasie van die Oratorium ontstaan (1575). Die Oratorium in Oudtshoorn wil dus ’n ruimte bied waar mense hul gebedslewe kan kom verdiep. Hiervoor word selfs die geboue en tuin van die Oratorium as gebedsplek en gebedsweg ingespan. Sonder gebed is ’n verhouding met God net nie moontlik nie. Gebed verg egter tyd en stilte en die nodige ruimte waar jou siel in gesprek kan tree met God. Gebed beskik oor die krag om ’n mens se lewe te transformeer. Hoewel gebed net aangeleer en ontwikkel kan word deur dit self te doen, kan die voorbeeld van ander mense se gebedslewens tot groot nut wees. Die ORATORIUM GEBEDSWEG lei ’n mens op die pad van gebed in die geselskap van Maria en Josef en talle heiliges uit verskillende tydperke in die lang geskiedenis van die Kerk. Hierdie mense het die kuns van gebed hul eie gemaak en kon daardeur van hul gewone alledaagse bestaan iets buitengewoons maak; hulle was almal mense wat deur gebed hulleself oopgestel het en ontvanklik gemaak het vir die werking van die Heilige Gees. Om vir mekaar te bid is een van die belangrikste take van ’n gelowige en die voorspraak van ons heilige broers en susters in die hemel bly ’n kragtige middel tot ons beskikking. Die ORATORIUM GEBEDSWEG lei u deur ons tuine na 14 STASIES oftewel stilstaanplekke vir gebed en oorpeinsing. “God is ons erns”, is die leuse van die Kongregasie van die Oratorium van Sint Filip Neri in Oudtshoorn, en elke mens wat betekenis probeer vind in sy of haar lewe, weet dat ’n mens tyd en plek moet inruim om ’n bietjie ernstig te raak oor God - hierdie is so ’n plek van vertroude omgang met die dinge van God.*

## **1<sup>ste</sup> Stasie**

### ***Die Oratoriumkapel***

*Ons begin ons GEBEDSWEG in die kapel voor die historiese altaar (die oorspronklike uit die ou St Mary’s op George) met die tabernakel daarop waarin die Allerheiligste Sakrament van Onse Here Jesus Christus bewaar word. Ons raak stil voor die Liggaamlike Teenwoordigheid van ons Here en Heiland in dié Sakrament en oorpeins wat dit beteken dat God ons juis op dié manier geestelik voed en liggaamlik naby is.*

### **GEBED OM SELF ‘SAKRAMENT’ TE WORD**

Here Jesus,  
U is die Sakrament  
deur Wie ons die Vader ontmoet  
en die Gees ontvang.

U wat self gedoop is in die Jordaan  
en in Emmaus die brood gebreek het.  
U wat die Gees aan u dissipels beloof het  
en sondaars vergifnis geskenk het.

U wat siekes genees het  
en mense in u Naam uitgestuur het.  
U wat in Kana getuie was  
van die verbond tussen man en vrou.

Ons bid U: Raak u Kerk aan  
met u heilsame aanwesigheid  
en maak haar 'n lewende en helder teken  
van u vergifnis.

Gee dat ons  
- elkeen afsonderlik en ook as gemeenskap -  
opnuut gebore sal word  
vanuit u Woord en u genade.

Maak ons só tot 'n sakrament vir die wêreld,  
tot bewerkers van u vrede,  
U, wat met die Vader en die Gees,  
leef en heers tot in alle ewigheid. Amen.

**OORDENKING: Wat verhoed my om op hierdie tydstip van my lewe intens bewus te wees van God se nabyheid? Hoe is ek 'n sakrament/sigbare teken van God vir ander mense?**

*In die nis van die tabernakel staan 'n replika van Maria, Onse Liewe Vrou van Tongeren (met die titel Causa laetitia – Oorsaak van ons Blydskap). Met ons kanonieke oprigting in 1997 is dié pragtige beeld deur Vlaamse vriende aan ons gegee. Die oorspronklike 'wonderbeeld' staan in die manjifieke Onse Liewe Vrou-basiliek in die Belgiese stad Tongeren. Dié beeld is in die jaar 1479 deur die Broederskap van Onse Liewe Vrou vir haar altaar laat maak (dit is uit neutehout gesny en is 1 meter 60 hoog en weeg 70 kg). In 1889 het die pous toestemming verleen dat dié beeld tydens 'n spesiale seremonie gekroon mag word en sedertdien vind die kroningsfeeste elke sewe jaar plaas. Duisende pelgrims besoek jaarliks dié gewyde afbeelding van Maria. Deur "ja" te sê vir God, kon Maria die Verlosser in ons wêreld en lewens inbring en daarom is sy die 'Oorsaak van ons Blydskap'. Is ons ook bereid om "ja" te antwoord op God se roepstem en Jesusdraers in ons wêreld te word?*

*Ons kapel is toegewy aan ons twee Oratoriaanse heiliges, Sint Filip Neri (1515-1595), stigter van die Oratorium in Rome, en Sint Luigi Scrosoppi (1804-1884), 'n Oratoriaanse priester*

*wat die Susters van Voorsienigheid opgerig het. Sint Filip Neri staan bekend as die Apostel van Vreugde en Sint Luigi Scrosoppi as die Apostel van God se Voorsienigheid. Die voorbeeld van hul lewens inspireer ons, maar daag ons ook uit om ons geloof met blydschap uit te leef en altyd op God se Voorsienigheid staat te maak. Die Oratoriumgemeenskap in Oudtshoorn het 'n baie spesiale band met Sint Luigi Scrosoppi; dit was op grond van 'n wonderwerk wat in ons gemeenskap plaasgevind het dat hy in 2001 amptelik tot heilige verklaar is (dit was die derde wonderwerk wat vir sy kanonisasie oftewel heiligverklaring benodig is). Ons Sint Luigi Scrosoppi Sorgsentrum is die produk en voortsetting van hierdie wonderwerk.*

### **GEBED OM DIE VOORSPRAAK VAN SINT FILIP NERI (Feesdaag 26 Mei)**

Goeie Sint Filip,  
in u het die liefde van God soos 'n vuur gebrand,  
'n vuur wat nooit ander seergemaak of geskroei nie,  
omdat u hart blymoedig was en u woorde sag.  
Bid vir my dat ek mag leer hoe om  
steeds bly van gees te wees, selfs wanneer die ongeluk my tref,  
steeds vertrouend op U, selfs wanneer my vertrou in mense  
geknou word,  
en steeds liefdevol, selfs daar waar my liefde nie waardeer word nie.

Help my om God, die Skepper, in elke mens raak te sien;  
God, die Seun, in elke situasie, hoe hopeloos dit ook al mag voorkom,  
en God, die Heilige Gees, as die dryfkrag en inspirasie van alle lewe.  
Mag u vreugde in moeilike tye,  
u geloof, waar swaarmoedigheid dreig,  
u hoop op 'n blye toekoms en u vurige liefde  
my eie lewe besiel.  
Heilige Filip, Apostel van Vreugde,  
bid vir my.

**OORDENKING: Is daar vreugde en blydschap in my lewe? Maak my geloof my 'n gelukkiger mens? Leef ek my geloof met blydschap uit?**

### **GEBED OM DIE VOORSPRAAK VAN SINT LUIGI SCROSOPPI (Feesdaag 5 Oktober)**

O God, Goeie Vader,  
deur Jesus Christus, u Seun,  
het U ons geleer om U in die geringstes te soek.

Ons dank U vir u priester Luigi Scrosoppi.  
Hy het innige meegevoel met ander se pyn en lyding gehad  
en altyd op u Voorsienigheid vertrou.

Hy was die heeltyd besig om paaie na ware liefde oop te maak en so het hy 'n model vir ons lewens geword.

Gee dat ons deur dieselfde Gees besiel mag word, om U in die lydendes en behoeftiges raak te sien en ons tyd en u liefde met hulle te deel.

Amen

**OORDENKING: Vertrou ek werklik op God se Voorsienigheid in my lewe? Wat is my verhouding met behoeftige mense?**

## 2<sup>de</sup> Stasie

### *Die Maria-suil*

*By die ingang tot die Oratorium staan 'n pilaar met 'n beeld van Maria bo-op. Dit is 'n replika van die beeld van Onse Liewe Vrou van die Wondermedalje. In 1830 het 'n non in die klooster van die Dogters van Liefdadigheid in Parys, Frankryk, Katerina Labouré, visioene van die Maagd Maria ervaar. Maria het aan haar verskyn binne 'n ovaal raam en beveel dat sy dit wat sy in haar visioen gesien het op 'n medalje moet laat uitbeeld en dat almal wat dié medalje met gebed dra groot genadegawes sal ontvang. Nadat die Kerk haar visioene deeglik ondersoek het en gevind dat dit wat sy ervaar het eg was, is 'n goudsmid opdrag gegee om 'n medalje te maak presies volgens die spesifikasies van sr. Katerina se visioen. Die woorde “O Maria, ontvang sonder sonde, bid vir almal wat u om bystand smeek!” verskyn op die wondermedalje en talle wonderwerke en bekerings is met verloop van tyd toegeskryf aan die dra van dié medalje en die gepaardgaande uitleef van die Christelike geloof. Die dra van 'n sigbare teken van ons Christelike geloof ('n medalje of kruisie) moet altyd gepaardgaan met die uitleef van daardie geloof en die diep onsigbare gebedslewe wat tot uiting kom in liefde.*

#### **GEBED**

*O Maria, ontvang sonder sonde, bid vir ons wat u om bystand smeek.*

Heilige Here Jesus Christus, vanaf die oomblik van haar Onbevleete Ontvangenis, het u Moeder, die Geseënde Maagd Maria, in diens gestaan van die Evangelie.

Ons bid U op haar kragtige voorspraak dat ons wat hier op aarde haar om bystand smeek op haar beskerming mag staatmaak.

*O Maria, ontvang sonder sonde, bid vir ons wat u om bystand smeek.*

Heilige Here Jesus Christus, U het as u werktuie hier op aarde swak en nederige mense gekies om groot dinge te doen, sodat die lof en eer altyd God sal toekom.

*O Maria, ontvang sonder sonde, bid vir ons wat u om bystand smeek.*

**OORDENKING: Probeer ek my geloof alleen en volgens my terme uitleef, of is ek nederig genoeg om my geestelike familie, Maria en die engele en die heiliges, se hulp in te roep?**

**3<sup>de</sup> Stasie**  
**Bedeskryn van Benedict Daswa**  
**Feesdag 2 Februarie**

*Benedict Daswa is in 1946 by Mbahe in Thohoyandou-parogie (Limpopo-provinsie) gebore en is daar op 2 Februarie 1990 vermoor. Hy het Katoliek geword voordat hy hom as laerskool onderwyser bekwaam het. In sy persoonlike lewe, maar ook in die openbaar, het hy sterk standpunt ingeneem teen toorkuns en veral die sporadiese heksejagte wat dikwels tot die dood van onskuldige mense gelei het. Hy is wreed vermoor toe hy geweier het om 'n bydrae te maak om 'n toordokter in diens te neem om 'n vermeende heks op te spoor. Hy was maar 43 jaar oud. Hy word vereer as 'n Apostel van die Lewe en 'n Martelaar wat vir sy geloof gesterf het. Hy is die eerste Suid-Afrikaner om deur Kerk tot die altaar verhef te word.*

**GEBED**

Liefdevolle God,  
bewaar my van alle dade  
van die duisternis.  
Beskerm my teen bose geeste  
en alle bose magte.

Help my om die voorbeeld  
van Benedict Daswa na te volg,  
maak my 'n ware apostel van die lewe  
sowel in my gesin as in die samelewing.  
Laat u lig, o Here,  
oor my en deur my skyn.

Heilige Gees,  
kom my hart binne en vervul my  
met u liefde  
soos U gedoen het met u getroue  
dienaar Benedict.

Laat ek, soos hy,  
deur die getuienis van my lewe,  
altyd die waarheid  
van die Evangelie verkondig.

Help my om sy voorbeeld  
na te volg deur my gewilligheid  
om in 'n Christelike gees te vergewe.

Dit bid ek deur Christus, onse Here  
Amen

**OORDENKING: Sou ek bereid wees om nou vir my geloof te sterf? Watter opofferings is ek bereid om vir my geloof te maak?**

## *4de Stasie*

### *Heilige Familie Gedenktuin*

*Die bedeskryn met die beeldegroep van die Heilige Familie vorm die middelpunt van ons gedenktuin waar die asse van ons afgestorwenes in nisse bewaar word. As Christene is ons lidmate van God se Familie, die Verbondvolk, en hierdie gesinsband word nie deur die liggaamlike dood verbreek nie. Inteendeel die Kerk bestaan uit die Strydende Kerk, dit is ons wat nog in hierdie lewe met al sy uitdagings en smarte die wedloop aflê en die goeie strydstry; die Lydende Kerk, dit is hulle wat in vriendskap met Christus gesterf het maar nog deur die Vaevuur gereinig moet word om hul plek in die Triomferende Kerk van die hemel in te neem.*

#### **GEBED TOT DIE HEILIGE FAMILIE**

Jesus, Maria, Josef, ons bid vir al die families van die wêreld.

Mag elke familie bewus word van hul rol in die Kerk en samelewing - help hulle besef hoe groot verantwoordelikheid daar op iedere familie rus.

Mag God in elke familie, net soos in dié van Nasaret, opreg aanbid, bemin en gedien word.

Ons bid U vir dié families wat beproef word deur werkloosheid, siekte, twis en die dood.

Ons bid U vir alle verskeurde en geskeide gesinne.

Toon U liefde aan alleengelate ouers,  
aan kinders sonder moederliefde en vaderlike steun.

Wees met hulle wat ly in liggaam en hart.

Heilige Familie van Nasaret,  
seën en beskerm alle families op aarde.

Amen.

*As Christene glo ons aan die “gemeenskap van die heiliges”, wat beteken dat diegene wat gesterf het wel liggaamlik van ons geskei is, maar nog steeds geestelik met ons verbind bly. Net soos ons gebede vir mekaar ons in hierdie wêreld kan help, so kan ons gebede vir ons geliefde ontslapenes hulle bystaan. Ons lees in die Tweede Boek van die Makkabeërs: “En die edele Judas het die volk vermaan om hulle vry te hou van sonde, want hulle het met hulle eie oë gesien wat gebeur het weens die sonde van die gesneuweldes. Ook het hy deur ‘n insameling onder al sy manskappe omtrent tweeduisend silwerdragme bymekaargemaak en dit na Jerusalem gestuur om voorsiening te maak vir ‘n reinigingsoffer. Hy het baie goed en edel opgetree, omdat hy aan die opstanding gedink het, want as hy nie ver wag het die gesneuweldes sou opstaan nie, sou dit nutteloos en dwaas gewees het om vir dooies te bid. Maar hy het ook gedink aan die pragtige beloning wat gereed gehou word vir dié wat in vroomheid ontslaap het – ‘n heilige en vroom gedagte. Daarom het hy vir die dooies die versoeningsoffer gebring, sodat hulle van hulle sondes vrygespreek kon word.” (12:42-43).*

## **GEBED VIR DIE OORLEDENES**

God, onse Vader,  
deur u Krag word ons gebore,  
deur u Voorsienigheid leef ons  
en uiteindelik keer ons soos U dit wil terug tot stof.

Here, hulle wat sterf leef voort in u teenwoordigheid,  
hul lewens verander, maar eindig nie.  
Vol hoop bid ek vir my gesin en familie,  
vir my vriende,  
en vir al die oorledenes wat aan U alleen bekend is.

Ek bid dat hulle almal, in die geselskap van Christus,  
Hy wat gesterf het en nou lewe,  
die vreugde van u Koninkryk sal beleef,  
waar alle tranes afgevee word.

Ek bid dat ons almal weer een familie sal word  
om daar vir ewig u Naam te loof.  
Amen.

**OORDENKING: Wat is verhouding met my familie (die lewendes en ontslapenes)? Hoe is ek besig om myself vir my eie dood voor te berei?**

## ***5de Stasie Golgota -bedeskryn***

*Vandag staan die imposante Heilige Grafkerk in Jerusalem oor die plek waar die Here Jesus Christus destyds gekruisig is, sowel as die plek waar Hy 'n entjie verder begrawe is. Vir Christene was dié gewyde area nog altyd 'n hoogheilige plek en vir bykans tweeduisend jaar al stroom pelgrims soontoe om te gaan bid by die presiese plek waar die Here vir ons sondes gesterf het. Destyds was Gulgota niks meer nie as 'n koppie wat deel uitgemaak het van 'n ou steengroef buitekant die mure van Jerusalem. Omdat dit die vorm van 'n menslike skedel of kopbeen gehad het, het die mense na die plek verwys as Gulgota (wat kopbeen in Aramees beteken). Rondom dié koppie het mense in daardie tyd grafte uitgegrawe en dit was in een van dié klip grafkamers dat die Here se lyk ná die kruisiging neergelê is. Tradisioneel oorpeins Christene, veral op Goeie Vrydag, die Here se laaste uitsprake vanaf die kruis.*

### **Die Here se Sewe Laaste Woorde aan die Kruis**

1. **“Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.”** (Lukas 23:34)
2. **“Toe Jesus sy moeder sien, asook die dissipel vir wie Hy lief was wat by haar staan, sê Hy vir sy moeder: *Vrou, kyk, daar is u seun!* Daarna sê Hy vir die dissipels: *Kyk, daar is jou moeder!* En van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.”** (Johannes 19:26-27).

3. “Hierna het Jesus, omdat Hy geweet het dat alles reeds volbring is, en sodat die Skrif vervul sou word, gesê: “**Ek is dors.**” (Johannes 19:28)
4. “**Amen, Ek sê vir jou: Jy sal vandag nog saam met My in die paradys wees.**” (Lukas 23:43)
5. “**My God, my God, waarom het U My verlaat?**” (Mattheus 27:46)
6. “Toe Jesus die suur wyn geneem het, sê Hy: ‘**Dit is volbring!**’ En Hy het sy kop vooroor gebuig en sy gees oorgegee.” (Johannes 19:30)
7. “Met ’n harde stem het Jesus uitgeroep: ‘**Vader, in u hande gee Ek my gees oor!**’” (Lukas 23:46).

**OORDENKING: Jesus se kruiswoorde is nie net op my gemik nie, maar vorm ook deel van my eie lewenservaring, die kruise wat deel uitmaak van my eie lewe.**

## **6de Stasie**

### **Bedeskryn van Sint Thérèse van Lisieux**

**Feesdag 1 Oktober**

*Hierdie is die oudste bedeskryn in ons tuin. Heiliges is gewone en normale mense wat deur hul geloof lewens gelei het in gehoorsaamheid aan God se liefde. Ná hul aardse dood is hulle deur die Kerk heilig verklaar en net soos hulle hier op aarde geloofshelde was wat nie vir hulleself nie, maar vir ander mense geleef het, so gaan hulle in die ewigheid daarmee voort om ons tot hulp te wees. Die voorbeeld van hul lewens inspireer ons en hul kragtige voorspraak is ons tot groot nut. Die heilige Thérèse van Lisieux (1873-1897) is een van die beminste moderne heiliges. In haar kort lewe het sy gou besef dat sy nooit tot groot dinge in staat sou wees nie, daarom het sy dit haar lewensroeping gemaak om God in al die klein dingetjies en alledaagse gebeurtenisse en frustrasies te dien en te loof. Sy staan bekend as die Blommetjie van Jesus en haar lewensverhaal (wat in boekvorm verskyn het as Die Storie van ’n Siel) het waarskynlik meer mense tot goedheid en liefde besiel as al die hooggeleerde teologiese geskrifte oor heiligheid saam. Sy het letterlik haar hemel hier op aarde deurgebring en belowe dat sy ná haar dood sou aanhou om siele te help.*

#### **GEBED VAN SINT THÉRÈSE VAN LISIEUX**

Mag daar vandag vrede in jou wees.

Mag jy op God vertrou dat jy nou presies is waar jy moet wees.

Mag jy nooit van die oneindige potensiaal vergeet wat uit vertroude gebore word nie.

Mag jy die gawes gebruik wat jy ontvang het en die liefde deurgee wat jy verkry het.

Mag jy tevrede wees met die feit dat jy ’n kind van God is.

Laat hierdie waarheid ’n anker vir jou lewe wees

en jou siel die vryheid gee om te sing, om te dans, om te dank en om lief te hê.

Onthou: Jou siel is daar vir ons almal.



**OORDENKING: Watter dinge vind ek moeilik in my lewe, watter ergernisse frustreer my? Hoe hanteer ek dit?**

## **7de Stasie**

### **Bedeskryn van Sint Thaddeus**

**Feesdag 28 Oktober**

*Die heilige Judas Thaddeus was een van die Here Jesus se Twaalf Dissipels. In Lukas (6:16) en in Handeling (1:13) staan hy bekend as Judas, die seun van Jakobus; en in Johannes (14:22) lees ons: "Judas, nie Judas Iskariot nie, vra toe vir Hom: Here, hoe is dit dat U aan ons U sal openbaar en nie aan die wêreld nie?" In Mattheus (10:3) en Markus (3:18) word daar na hom verwys as Thaddeus. Tradisioneel word Sint Thaddeus se voorspraak ingeroep by hopelose en skynbare onmoontlike sake. Hy word uitgebeeld met 'n afbeelding van die Here Jesus op sy bors of in sy hand. Dit verwys na 'n antieke tradisie dat die destydse koning van Edessa, Abakar, 'n boodskap aan die Here Jesus gestuur het om hom van sy melaatsheid te genees. So groot was sy geloof in Jesus dat hy 'n kunstenaar saam met die boodskapper gestuur het om 'n prent van die Here te teken omdat hy geglo het dat die blote sien van hierdie prent hom sou genees. Die Here was so beïndruk met die koning se geloof dat Hy sy aangesig op 'n doek afgedruk het en Sint Judas Thaddeus met dié afbeelding gestuur het om aan die koning te gee. Hierdie afbeelding van die Here Jesus is tot en met die Persiese inval (7de eeu) in Edessa vereer. Ons lees in die algemene brief van Judas: "Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees. Bly in die liefde van God. Vestig steeds julle verwagting op die barmhartigheid van ons Here Jesus Christus wat die ewige lewe aan julle sal gee" (20-21).*

#### **GEBED TOT SINT JUDAS TADDEUS**

Heilige Judas Thaddeus, Apostel van Jesus Christus en Martelaar;  
die Here het u geroep en u het alles laat staan om Hom te volg.

Ná sy dood en opstanding het u onvermoeid die Evangelie verkondig  
en u lewe daarvoor neergelê.

Nou geniet u in God se Koninkryk die vrugte van u liefdeswerk op aarde.

Deur u gebede voor God se troon staan u ons by in ons nood;  
daarom bid ons op u voorspraak:

Bid dat ons bewaar sal word van alle onheil, siekte en gevaar,  
tree in vir diegene wat swaarkry onder oorlog, honger en onreg.

Staan ons by in moeilike tye en laat ons nooit in wanhoop verval nie,  
veral waar dit voorkom asof daar geen hoop meer is nie.

Neem ons noodkrete op in u voorspraak sodat ons deur u toedoen  
die nodige bystand, genade en seëninge van die Heer sal ontvang.

Amen.

**OORDENKING: Wat is daar wat hopeloos lyk in my lewe? Is daar iets wat my so moedeloos maak dat ek myself al daarvan oortuig het dat dit nooit opgelos sal kan word nie?**

## *8ste Stasie*

### *Die Rosekranstrappe*

*Die bid van die Rosekrans is sekerlik een van die mees geliefde en gewildste maniere van bid. In hierdie gebed oorpeins ons sekere gebeure in die lewens van Jesus en sy Moeder. Gebed is hoe ons in kontak kom met God en dit is deur gebed dat ons 'n verhouding met Hom aangaan en ontwikkel. In gebed is dit nie net ons wat met God praat nie – gebed skep ook 'n opening en ruimte in ons lewe waar God met ons kan praat. Hoe meer ons bid, hoe dieper word ons verhouding met God en hoe meer help Hy ons omvorm om dié mens te word wat ons veronderstel is om te wees. Gebed is iets wat 'n mens net deur oefening kan aanleer. Daar bestaan hoofsaaklik drie verskillende vorme van gebed: Mondelingse gebed, meditasie en kontemplasie. Mondelingse gebed verwys na sekere gebede wat gewoonlik hardop gebid word; meditasie sit ons gedagtes, verbeelding, gevoelens en verlangens aan die werk. Hierdie aktivering is noodsaaklik om ons geloofsoortuiging te verdiep en te versterk. Kontemplasie word deur God aan ons geskenk – dit is wanneer God self ons gebed binnekom en oorneem. Kontemplasie het dus te doen met God se aksie in ons en is iets wat ons slegs van God kan ontvang. Die Kategismus van die Katolieke Kerk #2715 omskryf kontemplasie as volg: “Kontemplasie is wanneer ons met oë vol geloof op Jesus gefokus bly. 'Ek kyk Hom aan en Hy kyk my aan,' soos die boer uit die dorpie Ars, wat voor die tabernakel in gebed was, dit aan St. Jean Vianney beskryf het. Hierdie fokus op Jesus beteken dat ek myself afsterf. Jesus se kyk suiwer my hart. Die lig van Jesus se kyk verlig die oë van my hart; dit leer my om alles te sien in die lig van sy waarheid en van sy liefde vir alle mense. Kontemplasie laat ook sy kyk gaan oor die geheimenisse van Christus se lewe. So leer kontemplasie ons 'om die Here van binne te ken,' om Hom al hoe dieper lief te hê en al hoe meer na te volg.” Die Rosekransgebed is uniek omdat dit al drie vorme van gebed behels: Dit is mondelingse gebed wat meditasie bevat en 'n mens uiteindelik na kontemplasie kan lei.*

Ons begin as volg aan die voetenent van die Rosekranstrappe:

IN DIE NAAM van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees. Amen. (*Maak die kruisteken soos jy dié woorde bid*).

EK GLO in God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde; en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, onse Here, wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die Maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is; wat neergedaal het na die doderyk, die derde dag weer opgestaan het uit die dode, opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader; vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode. Ek glo in die Heilige Gees, die Heilige Katolieke Kerk, die gemeenskap van die heiliges, die vergifnis van sondes, die wederopstanding van die vlees, en die ewige lewe. Amen.

ONSE VADER, wat in die hemel is, laat u naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood

en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe, en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Amen.

Nou bid ons drie Wees Gegroet-gebede vir die intensies van die pous.

WEES GEGROET, Maria vol genade, die Here is met u. Geseënd is u onder die vroue en geseënd is Jesus, die vrug van u skoot. Heilige Maria, Moeder van God, bid vir ons sondaars, nou en in die uur van ons dood. Amen.

EER AAN DIE VADER, en aan die Seun, en aan die Heilige Gees, soos dit in die begin was, so ook nou en altyd tot in alle ewigheid. Amen.

Ons gaan staan op die Eerste trap en kondig die betrokke Geheimenis aan (daar is 'n trap vir elke kraletjie):

***Op Maandae en Saterdag oorpeins ons die 'Blye Geheimenisse'***

- 1: Die engel bring die boodskap aan Maria (Lukas 1: 26-38)
- 2: Maria besoek Elisabet (Lukas 1: 39-56)
- 3: Jesus word in die stal gebore (Lukas 2: 1-21)
- 4: Jesus word in die tempel aan God opgedra (Lukas 2: 22-38)
- 5: Jesus word in die tempel teruggevind (Lukas 2: 41-52)

***Op Donderdae oorpeins ons die 'Ligryke Geheimenisse'***

- 1: Die doop van onse Here in die Jordaan (Mattheus 3: 13-16)
- 2: Die huwelik in Kana (Johannes 2: 1-11)
- 3: Die verkondiging van die koms van God se Koninkryk (Markus 1: 14-15)
- 4: Die verheerliking van die Here op die berg (Mattheus 17: 1-8)
- 5: Die Laaste Avondmaal, toe die Here die Eucharistie aan ons gegee het (Mattheus 26)

***Op Dinsdae en Vrydae oorpeins ons die 'Lydingsgeheimenisse'***

- 1: Jesus bid in doodsangs tot sy Vader (Mattheus 26: 36-56)
- 2: Jesus word gegésel (Mattheus 27: 26)
- 3: Jesus word met dorings gekroon (Mattheus 27: 27-31)
- 4: Jesus dra sy kruis na Golgota (Mattheus 27: 32)
- 5: Jesus sterf aan die kruis (Mattheus 27: 33-56)

***Op Woensdae en Sondag oorpeins ons die 'Glorieryke Geheimenisse'***

- 1: Jesus staan op uit die dode (Johannes 20: 1-29)
- 2: Jesus vaar op na die hemel (Lukas 24: 36-53)
- 3: Die Heilige Gees daal neer op die Apostels (Handelinge 2: 1-41)
- 4: Maria word in die hemel opgeneem (1 Korinthiërs 15)
- 5: Maria word in die hemel gekroon (Openbaring 12)

Elke dekade word afgesluit met die Fatima-gebed:

O MY JESUS, vergewe ons ons sondes, red ons van die vuur van die hel. Lei alle siele na die hemel, veral dié wat u barmhartigheid die meeste nodig het. Amen.

*(Die Rosekrans word met die volgende gebede afgesluit)*

WEES GEGROET, KONINGIN, Moeder vol barmhartigheid, ons lewe, ons vreugde en ons hoop, wees gegroet. Tot u roep ons, verbanne kinders van Eva; tot u smee ons wat sug en ween in hierdie tranedal. Rig dan, o Voorspreekster, op ons u barmhartige oë en toon aan ons ná hierdie ballingskap, Jesus, die geseënde Vrug van u skoot.

O genadige, o liefdevolle, o beminde Maagd Maria.

Bid vir ons, heilige Moeder van God.

Dat ons die beloftes van Christus waardig mag word.

Laat ons bid: O God, u eniggebore Seun het deur sy lewe, dood en opstanding vir ons die loon van die ewige lewe verkry. Gee dat ons, noudat ons oor die geheimenisse van die Heilige Rosekrans van die Geseënde Maagd Maria nagedink het, mag navolg wat hulle inhoud en verkry wat hulle belowe, deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

## ***9de Stasie***

### ***Maria se Tuin en bedeskryn***

*Die Rosekransgebed lei ons in die Tuin van Maria in en bring ons voor die Maria-beeld in sy bedeskryn. Hierdie is 'n replika van die beeld van Onse Liewe Vrou van Lourdes. In die jaar 1858 het die Maagd Maria aan 'n 13-jarige armoedige plaasmeisie met die naam Bernadette Soubirous, naby die dorpie Lourdes, in die suidweste van Frankryk verskyn. Terwyl sy en twee van haar maats besig was om langs die Gave-rivier hout op te tel het Maria voor 'n groot teen die oorhang van die berg aan die oorkant van die stroom aan haar verskyn. Dit was as die Onbevleete Ontvangenis dat Maria haar aan Bernadette geopenbaar het (as ongeletterde jongmeisie in 'n verafgeleë bergdorpie sou Bernadette geen kennis gedra het van dié leerstelling rondom die Onbevleete Ontvangenis van Maria wat maar vier jaar vantevore in 1854 deur die pous tot dogma verklaar is nie). Daar waar Maria verskyn het, het 'n fontein ontspring en gou het daar wonderwerke begin plaasvind. Vandag besoek duisende pelgrims Lourdes jaarliks en word die boodskap van God se helende liefde op tasbare wyse daar uitgedra. God kom ons tegemoet daar waar ons nou in ons lewe is, Hy wag nie vir ons om perfekte mense te word of selfs te verbeter nie, Hy kom na ons in ons swakheid en armoede en*

*bied ons sy Vaderliefde aan. Ons kan sy liefde nooit verdien nie en dit is net deur sy liefde dat ons gered kan word. Plekke soos Lourdes herinner ons aan die feit dat ons ten spyte van hoe dit soms voorkom, tog in God se skepping en wêreld leef en dat Hy letterlik net 'n gebed ver is.*

*Dit was 'n tuin dat dit alles begin het en dinge ook verkeerd geloop het, die Tuin van Eden, simbool van die mens se aanvanklike volmaakte verhouding met God, sy Skepper:*

**EDEN** *deur Ina Rousseau*

Staan daar nog in Eden êrens,  
verlate soos 'n stad in puin,  
met poorte grusaam toegespyker,  
deur eeue die mislukte tuin?

Word daar nog die swoele dae  
deur swoele skemering en nag vervang  
waar donkergeel en purper vrugte  
verrottend aan die takke hang?

Sprei daar ondergronds 'n netwerk  
soos sierkant deur die rotse heen:  
die sware, onontgonne riwwe  
van goud en onikssteen?

Vloei daar deur die natgroen struik  
nog met kabbeling wat ver weerklink,  
die viertal glasblink waterstrome  
waarvan geen sterfling drink?

Staan daar nog in Eden êrens,  
verwaarloos soos 'n stad in puin,  
gedoem tot langsame verrotting  
deur eeue die mislukte tuin?

**IN GOD SE TUIN**

Liewe God,  
laat my lewe soos 'n boom wees in u tuin:  
Dankbaar vir die son en die reën,  
genot vind in die helder lug  
en u stem hoor in die wind  
met vrugte aan my takke.

Goeie God,  
ek dank U vir die son se warmte,

wat die koue verjaag en ons warm maak van binne.  
Ek dank U vir die lig, wat die donkerte in ons wegdryf  
en ons laat groei in u vreugde.  
Ek dank U vir die mense rondom my,  
wat u lig uitstraal en warmte aan my lewe verleen.  
Goeie God, wees vir ons soos die son,  
verwarm ons met u liefde  
en laat ons op ons beurt  
sonskyn in ander se lewens inbring.

o God,  
maak my 'n boom in u tuin:  
so innig dankbaar vir die son en die reën,  
laat ek my in u helder lug verbly  
en u stem hoor in die wind

*Dit was weereens in 'n tuin dat Christus die verhouding tussen God en mens herstel het toe Jesus in doodsang in die Tuin van Getsemané gebid het dat die Vader se Wil met Hom geskied. So het die Here die Kruis van ons sondes (die skandpaal en boom van die dood) op sy skouers geneem en dit vir ons tot die Boom van die Lewe herstel. In 'n tuin langs Golgota is die Here se liggaam ook in 'n graf gelê om op die derde dag uit die dood op te staan. In ons wandeling deur hierdie Gebedstuin probeer ons om onself oop te stel vir die werking van die Gees sodat dit wat Christus kom doen het, om ons verhouding met God te herstel, die verhouding wat die mens eens op 'n tyd in die Paradystuin met sy Skepper gehad het, ook in ons lewens bewerkstellig kan word. Ons lees in Genesis: "En hulle het die stem van die Here God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie..." (3:8). Die Skepping is God se Tuin en die mens as die kroon van God se Skepping is bevoorreg om daarin te leef en daarvoor toesig te hou: "Deur daarop klem te lê dat die mens die beeld van God is, durf ons nie vergeet dat elke skepsel 'n funksie het en dat geen enkele skepsel oorbodig is nie. Die hele materiële heelal gee uitdrukking aan God se liefde, van sy onmeetlike teerheid vir ons. Die grond, die water, die berge, alles is as't ware 'n liefkosing van God." (par. 84, Laudato Si, ensikliek van pous Franciskus).*

### **'n GEBED VIR ONS AARDE**

uit *Laudato Si* deur pous Franciskus

Almagtige God,  
U is oral aanwesig; in die uitgestrektheid van die heelal  
en in die kleinste van u skepsels.  
In teerheid omhels U alles wat bestaan.

Stort die krag van u liefde in ons uit,  
sodat ons die lewe en skoonheid sal beskerm.  
Vervul ons met vrede,

sodat ons as broers en susters saam mag lewe  
en niemand skade aandoen nie.

O God van die armes,  
help ons om hulle te red  
wat op hierdie aarde verstote en vergete is,  
maar so kosbaar is in u oë.

Genees ons,  
sodat ons die wêreld sal beskerm  
en nie uitbuit nie,  
sodat ons skoonheid sal saai  
en nie besoedeling en verwoesting nie.

Raak die harte aan van hulle wat net wins najaag  
ten koste van die armes en van die aarde.

Leer ons om die waarde van elke ding raak te sien,  
sodat ons vol verwondering tot besinning sal kom  
en insien dat ons, op ons weg na u oneindige lig,  
ten diepste verbonde is met alle skepsels.

Ons dank U dat U elke dag met ons is.  
Ons bid U: Versterk ons in ons stryd  
vir reg, liefde en vrede.

**OORDENKING: Hoe gaan ek om met God se Skepping wat aan my sorg toevertrou is?**

## *10de Stasie*

### *Die Weg van die Moeder*

*Die Tuin van Maria bring ons op die Weg van die Moeder (Via Matris), waartydens ons die Sewe Smarte van Maria oorpeins. Nie net ons omstandighede nie, maar veral ook ons verhoudings bepaal ons reis deur die Tuin van die Lewe, wat maar al te dikwels in 'n tranedal ontaard. Maria was die eerste een om in Jesus te glo, sy was dus die heel eerste Christen gelowige, en soos altyd wys sy ons hoe om die beste met God en met mekaar in ons verhoudings om te gaan. In hierdie tyd van geweldige individualisme en lewens wat totaal gerig is op die eie 'ek', loop soveel verhoudings skipbreuk op die roste van selfsug en egosentrisme. Geen verhouding (met God of met mens) kan sonder opoffering slaag nie – kruisliefde bly die sleutel tot alle egte en sinvolle verhoudings. Ons nooi u uit om die Weg van die Moeder as 'n Weg van Verhoudings te oorpeins, waar self-afsterwing en -opoffering dikwels as smart mag voorkom, maar uiteindelik tot groei en gesonde verhoudings lei.*

*Ons staan vir 'n oomblik stil by die replika van die beeld van Onse Liewe Vrou aan de staak (staak beteken houtpaal). Die oorspronklike beeld staan in 'n bedevaartsoord by die dorp Koersel in België. In die jaar 1826 het ene mnr. Swartelbroeke in die uitgestrekte heidevelde rondom die dorp gaan stap en hopeloos verdwaal. Hy kon sy pad nie terugvind nie en was totaal uitgeput en verskriklik honger en dors. Hy het begin om vir sy lewe te vrees en het hom in sy nood tot die Geseënde Maagd Maria gewend. Skielik het daar 'n fonteintjie naby hom ontspring; hy kon sy dors les en het die pad terug gevind. Uit dankbaarheid het hy naby die wonderfonteintjie 'n beeld van Maria aan 'n houtpaal laat ophang en gou het dit in 'n pelgrimsoord ontwikkel. Vandag nog besoek baie mense dié gewyde plek en word hul verhouding met die Here daardeur gevoed en versterk.*

## **DIE MEMORARE**

Gedenk, o vrome Maagd Maria, dit het nog nooit gebeur dat enigiemand wat u om beskerming, hulp of bemiddeling gesmeek het, sonder enige bystand gelaat is nie. Besiel met hierdie vertrouwe, vlug ek tot u, o Maagd bo alle maagde, my Moeder. Tot u kom ek, voor u kniel ek in sonde en verdriet. O Moeder van die Vleesgeworde Woord, verag nie my smekinge nie, maar verhoor my in u genade. Amen.

*Maria se verhouding met God was van so 'n aard dat Hy haar uitverkies het om Jesus Christus in die wêreld te bring. Ook in ons verhoudings met mekaar word ons daartoe geroep om Jesus Christus aan mekaar deur te gee.*

### **1. Die profesie van Simeon by die opdra van Kind Jesus in die Tempel.**

“Simeon het hulle geseën en vir Maria, sy moeder, gesê: ‘Kyk, hierdie Kindjie is bestem vir die val en die opstaan van baie mense in Israel, as 'n teken wat betwis word, sodat die bedoelinge van baie mense aan die lig kan kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan.’” (Lukas 2:34-35)

**OORDENKING: Elke verhouding bevat die risiko dat dit dalk nie mag uitwerk soos ek dit verwag nie. Elke verhouding verg soms die neem van kansse. Hoe hanteer ek dit?**

### **2. Die vlug na Egipte.**

“Nadat die sterrekeners teruggekeer het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef verskyn en gesê: ‘Staan op, neem die Kind en sy moeder en vlug na Egipte, en bly daar totdat ek weer vir jou opdrag gee, want Herodes is van plan om die Kind te soek en Hom dood te maak. Josef het toe opgestaan en gedurende die nag met die Kind en sy moeder na Egipte vertrek. Hy het daar gebly tot Herodes se dood, sodat vervul sou word wat die Here deur die profeet gesê het: ‘Uit Egipte het Ek my Seun geroep.’” (Mattheus 2:13-15)

**OORDENKING: Elke verhouding gaan opoffering vra en dikwels verandering in my lewe meebring. Is ek bereid om iemand anders se veiligheid en behoeftes bo my eie te stel?**

### **3. Toe die Kind Jesus in die Tempel agtergebly het.**

“Jesus se ouers het elke jaar vir die Pasga na Jerusalem gegaan. Toe Hy twaalf jaar oud was, het hulle oudergewoonte vir die fees daarheen gegaan. Ná afloop van die fees het hulle teruggekeer huis toe, maar Jesus het sonder sy ouers se medewete in Jerusalem agtergebly.



Omdat hulle gedink het dat Hy elders in die reisgeselskap was, het hulle eers 'n dag lank gereis voordat hulle Hom onder die familie en bekendes begin soek het. Toe hulle Hom nie kry nie, het hulle teruggedraai na Jerusalem om Hom te soek. Ná drie dae het hulle Hom in die tempel gekry waar Hy tussen die leermeesters sit en na hulle luister en hulle uitvra.” (Lukas 2:41-47).

**OORDENKING: Soms gaan die ander persoon op 'n manier optree of dinge doen wat ek glad nie verstaan nie. Hoe hanteer ek dit, probeer ek ten alle tye my eie wil op die ander persoon afdwing?**

#### **4. Maria ontmoet Jesus op pad na Golgota.**

“Die Geseënde Moeder van Jesus, wat in elke lyding van haar Seun gedeel het, het ongeveer 'n uur vantevore – nadat die onregverdiges vonnis oor Hom uitgespreek is – die forum saam met Johannes en die heilige vrouens verlaat om eer te betoon aan die plekke wat deur sy verskriklike foltering gewy is. Maar nou het die bewegende skare, die klank van trompette en die soldate wat aan die kom was met Pilatus se gevolg die bitter Kruisweg van Jesus aangekondig. Maria kon nie langer op 'n afstand bly nie. Sy het Johannes gesmeek om haar nader te neem waar sy haar Seun sou kon sien verbygaan. Toe sy Hom sien het sy na Hom toe gehardloop en op haar knieë voor Hom neergeval en haar arms om Hom geslaan. Ek het die woorde gehoor, maar kon nie met sekerheid sê of dit hardop of in die gees geuiter is nie: ‘My Seun!’ ‘My Moeder!’” (Uit die ‘Die Lewe van Jesus Christus en Bybelse Openbaringe deur die salige Anna Katerina Emmerich).

**OORDENKING: Hoe verskriklik is dit nie om 'n geliefde te sien ly nie en hulpeloos te moet toesien hoe 'n geliefde pyn verduur en nie in staat te wees om iets daaromtrent te doen. Is ek iemand wat altyd alles wil ‘regmaak’. Hoe hanteer ek die dinge in 'n verhouding wat ek nie kan ‘regmaak’ nie?**

#### **5. Jesus sterf aan die Kruis.**

“By die kruis van Jesus het sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en ook Maria Magdalena gestaan. Toe Jesus sy moeder sien, asook die dissipel vir wie Hy lief was wat by haar staan, sê Hy vir sy moeder: “Vrou, kyk, daar is u seun! Daarna sê Hy vir die dissipel: “Kyk, daar is jou moeder!” En van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.” (Johannes 19:25-27)

**OORDENKING: Hoe lyk die kruis in my verhoudinge? Wat moet ek afsterf, waar moet ek toelaat dat ek gekruisig word? Is ek dalk die oorsaak van iemand anders se kruise of dra ek self aan iemand wat 'n kruis vir my geword het? Hoe hanteer ek dit? Wat leer my geloof my?**

#### **6. Maria ontvang die liggaam van Jesus.**

“Toe dit aand geword het, het 'n ryk man van Arimatea, met die naam Josef, daar aangekom. Ook hy was 'n dissipel van Jesus. Dié man het Pilatus genader en die liggaam van Jesus gevra. Toe het Pilatus beveel dat dit gegee word. Josef het die liggaam geneem, dit toegedraai in 'n skoon linnedoek...” (Mattheus 27:57-59).

**OORDENKING: Hoe hanteer ek as gelowige die dood van 'n geliefde? Hoe hanteer ek die dood van 'n verhouding? Is daar verhoudinge in my lewe wat tot 'n einde gekom het, waarom?**

### **7. Jesus word in die graf neergelê.**

“Hulle het toe Jesus se liggaam geneem en dit saam met geurige speserye in linnedoeke toegedraai, soos dit die Jode se gebruik is by 'n begrafnis. By die plek waar Hy gekruisig is, was daar 'n tuin, en in die tuin 'n nuwe graf waarin niemand nog ooit neergelê is nie. Daar het hulle Jesus toe neergelê, omdat dit die Voorbereidingsdag van die Jode was en die graf daar naby was.” (Johannes 19:40-42).

**OORDENKING: Al my verhoudinge moet eintlik gesien en geleef word in die lig van die hiernamaals en die ewige lewe. Misbruik ek my verhoudinge vir eie gewin, gaan dit vir my oor wat ek daaruit kan kry? Hoe dink ek sien God my verhoudinge?**

## *11de Stasie*

### *Bedeskryn, buitelugkapel en trappe van Sint Josef*

*Feesdae 19 Maart en 1 Mei*

*Sint Josef was die stil, sterk, opregte en regverdige man aan wie se sorg God die Heilige Familie toevertrou het. Moedig en gehoorsaam aan God het hy al sy pligte nagekom om seker te maak dat Jesus en Maria veilig en versorg was. Hy was 'n hardwerkende ambagsman en hoewel hy nie die biologiese vader van Jesus was nie, was hy in alle ander opsigte 'n ware vader vir die Kind Jesus. Die heilige Josef bly die toonbeeld van egte gelowige manlikheid en deur die eeue heen is sy voorbeeld getrou deur vaders nagevolg en sy spesiale voorspraak deur Christen mans en vrouens ingeroep. Volgens oorlewering sterf hy voordat die Here Jesus met sy openbare bediening begin het (die feit dat hy totaal afwesig was tydens Jesus se openbare lewe, terwyl Maria wel aanwesig was, en dat die Here vir Maria vanaf die kruis aan Johannes toevertrou het, dui daarop dat hy teen daardie tyd al oorlede was). Weereens is dit 'n baie ou tradisie dat hy in die teenwoordigheid van Jesus en Maria sy laaste asem uitgeblaas het en daarom word hy ook vanaf die vroegste tye aangeroep as die Heilige van 'n Goeie Dood.*

*Net soos Maria se bystand en voorspraak ons by ons bestyging van die Rosekranstrappe na Jesus gelei het en ons help om ons aandag op die verhewe en die hemelse waarhede te vestig, so staan Sint Josef se voorbeeld en voorspraak ons weer by in ons alledaagse pligte en werksaamhede en soos ons weer na benede gaan langs die Sint Josefstrappe af na ons werk en omstandighede toe leer ons by hom om 'n Christen in die wêreld te wees.*

### **Gebed om die voorpraak van St. Josef die Werker**

**St. Josef**, beskermmer en hoof van die Heilige Familie, u het u lewe tot diens van u eggenote en goddelike Seun geplaas. Vir u was hul welsyn die hoofsaak van u lewe en met ware vaderlike liefde het u in die agtergrond van ons verlossingsverhaal 'n amper onsigbare maar uiters belangrike rol gespeel. God het u uitverkies om pleegvader van ons Heiland en Verlosser te wees. U lewe is gekenmerk deur u onbaatsugtige toewyding en gehoorsaamheid

aan God. Deur ongemerkte diens en arbeid het u in stilte God se heerlikheid deur u lewenswerk verkondig. Verkry vir my die ywer en liefde waarmee u so ryklik geseënd was om van my daaglikse werk 'n loflied tot God se eer te maak. Mag ek deur u kragtige voorspraak in totale nederigheid 'n getroue arbeider wees in die wingerd van God. Mag ek die belange van ander bo my eie stel en altyd 'n dienswillige volgeling van u Heilige Familie wees. Mag ek nooit roem najaag of enige taak verrig net om agting in die oë van die wêreld te geniet nie. Mag ek nooit die talente en gawes, wat ek van God ontvang het, deur my eie selfsug en luiheid vermors nie. U is die ware model van almal wat hulleself deur middel van hul arbeid op aarde aan God toewy. Ons bid vir almal wat dienswerk in die Kerk verrig, maar nie die nodige erkenning ontvang vir hul onbaatsugtige diensbaarheid in liefde en getrouheid nie. Beskerm in die besonder en met ware vaderlike liefde, die pous, alle biskoppe en priesters, asook religieuse en Godgewydes wat stilweg agter die skerms hul daaglikse take verrig. Ons bid vir al die klooster- en lekebroeders, wat u as hul beskermheilige aanroep, dat hul lewens en arbeid die opbou van God se Koninkryk sal bevorder. Ten slotte bid ek dat ek mag deel in die vrede en vreugde van u heilige dood en dat ek aan die einde van 'n lewe gekenmerk deur diens en arbeid, mag rus vind in die Koninkryk van God.

Dit vra ek op voorspraak van die heilige Josef, beskermmer van die Jesuskind en eggenoot van die Maagd Maria, deur Christus onse Here.

Amen

**OORDENKING: Hoe voel ek oor my werk, hoe ek my daaglikse brood verdien? Hoe leef ek my geloof uit by my werksplek? Beïnvloed dit wat ek glo hoe ek my werk verrig en my daaglikse pligte nakom of nie?**

## *12de Stasie*

### *Bedeskryn van Sint Theresa-Benedicta van die Kruis*

*Feesdag 9 Augustus*

*Edith Stein (1891-1942) was 'n briljante filosoof, geestelike skrywer en bekeerling tot die Katolieke geloof vanuit Judaïsme. Toe sy in 1934 by die Karmeliete-orde intree neem sy die kloosternaam Theresa Benedicta van die Kruis en hoe profeties was haar keuse nie. In die jaar 1938 moes sy na Nederland uitwyk om die Nazi-vervolging van die Jode in Duitsland te ontvlug, maar met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog word Nederland binnegeval en in 1942 is sy en haar suster Rosa (wat ook Katoliek geword het) gearresteer en na Auschwitz geneem waar sy op 9 Augustus vermoor is. Haar geestelike geskrifte, veral oor die rol van die kruis in 'n Christen se lewe, getuig van 'n diep deurleefde verhouding met die Here Jesus.*

#### **EDITH STEIN SE GEBED OM OORGAWWE AAN GOD**

Here, lei my blindelings langs u paaie.

U weë wil ek nie begryp nie.

Ek is u dogter, en U, die Vader van Alle Wysheid,

en ook my Vader, U is die Een wat my deur die nag lei.

Trek my op na U, o Here,  
sodat ek u Wil kan doen: Ek is bereid om dit te doen!

Selfs al sou U in hierdie wêreld nie 'n enkele van my begeertes vervul nie,  
bly U die Heer van tyd, en behoort dié oomblik aan U.

Tyd kom van U

en dit is u ewige “Nou” wat ek my eie wil maak.

Laat alles wat U in u wysheid vir my beplan het 'n werklikheid in my lewe word:

Sou U my roep om myself in stilte op te offer,

help my om daartoe in te stem,

help my om my oë te sluit teen alles wat ek is.

### **GEBED VIR DIEGENE WAT HUL KRUIS DRA**

O my God, ek dank U vir hierdie kruis,

wat U my toegelaat het om te dra.

Gee my asseblief die nodige krag

en geloof om daarmee te volhard,

sodat ek daardeur u Naam mag verheerlik

terwyl ek nie onder die las daarvan swik nie.

Ek dank U dat U my toelaat

om in u lyding te deel.

Ek weet dat U nog altyd by my was,

en nog steeds by my is

en vir altyd elke tree by my sal wees.

Ek dank U ook vir elke 'Simon'

wat U al gestuur het om my te help dra

aan hierdie kruis.

Ek het al dikwels gebid

dat U hierdie doring in my vlees sal verwyder,

tog glo ek dat u genade voldoende is.

Verander my noodkreet van:

“Hoe lank nog, o Here!”,

na “Hoe lank ook al, o Here!”.

Laat my slegs u Wil doen

en my lyding met U eie verenig.

Help my om nie verstrengel te raak

in my eie doen en late nie,

maar laat ek in al dié beproewinge

die weg na deugsaamheid vind,

asook 'n oproep tot gebed

en die geloofspad van vertrouwe in U alleen.

Moet dus nie toelaat dat ek my pyn vermors nie,

gee my die insig en krag om van my pyn

'n offergawe vir my naaste maak.

En, Here, wanneer ek moeg word en val,  
uitgeput onder die las van my kruis,  
gee my asseblief die moed  
om voort te beur soos U.  
Here Jesus, met liefde omhels ek my kruis,  
as my deel van u kruis.  
Mag ek, deur u genade,  
dit al die pad tot in die hemel dra.  
Ek gee myself geheel en al oor  
aan u Wil.  
Christus Jesus,  
in U plaas ek al my vertrou.  
Amen.

**OORDENKING: Hoe dra ek die kruise van my lewe?**

## *13de Stasie*

### *Bedeskryn van die Heilige Onskuldige Kindertjies*

*Feesdag 28 Desember*

*Sint Augustinus het die volgende oor die vermoorde kindertjies van Bethlehem gesê: “Hierdie Heilige Onskuldige Kindertjies was die Kerk se eerste bloeisels in daardie koue tyd van ongelooft.” In hierdie tyd waar aborsie weer algemeen aanvaar en beoefen word leef ons weer in so ’n koue tyd van ongelooft. Ons lees in die Evangelie volgens Mattheus: “Toe Herodes agterkom dat hy deur die sterrekenners om die bos gelei is, was hy briesend. En hy het in Bethlehem en die hele omliggende gebied al die seuntjies van twee jaar en jonger om die lewe laat bring, in ooreenstemming met die tyd wat hy noukeurig van die sterrekenners verneem het. Toe is vervul wat deur die profeet Jeremia gesê is: ‘ ’n Stem is in Rama gehoor, ’n droewige gehuil en ’n luide rouklag, Ragel huil oor haar kinders, en sy weier om vertroos te word, omdat hulle nie meer daar is nie.” (2:16-18).*

#### **GEBED TOT DIE HEILIGE ONSKULDIGE KINDERTJIES**

Heilige Kindertjies, julle is dood voordat julle oud genoeg was om te weet wat die lewe beteken, bid vir alle kinders wat jonk sterf, dat God hulle in sy liefdevolle arms mag opneem.  
Heilige Kindertjies, julle is dood omdat een mens vol haat en woede was, bid vir almal wat haat, dat God hul harte mag aanraak en met liefde vul.

Heilige Kindertjies, julle is op gewelddadige wyse doodgemaak, bid vir almal wat gebuk gaan onder geweld, dat hulle vrede en liefde mag vind.

Heilige Kindertjies, met smart en droefheid het julle ouers oor julle gerou, bid vir alle ouers wat ’n kind aan die dood moes afstaan, dat God hulle vertroosting en berusting sal gee.

Heilige Kindertjies, julle geliefdes was nie staat om jul dood te verhoed nie en moes hulpeloos staan en toekyk hoe julle vermoor word, bid vir almal wat sulke hulpeloosheid ervaar, dat hulle in geloof aan God sal vashou en weer hoop sal vind.

Heilige Kindertjies, julle is nou by God in die hemel, bid dat ons almal eendag daar by julle sal aansluit om vir ewig in God se liefde te woon.

**OORDENKING: Was ek al geestelik of liggaamlik verantwoordelik vir die dood van 'n ander mens? Het ek al ooit iemand bygestaan om 'n aborsie te ondergaan of self een gekry? Neem ek in ag dat skinder en kwaadpraterij ook 'n vorm van moord is?**

## ***14de Stasie Die Labirint***

*'n Labirint is nie 'n doolhof nie (die bedoeling met laasgenoemde is om te verdwaal, terwyl die bedoeling met 'n labirint juis is om gefokus op die regte rigting te bly) Die bekendste labirint in die Christelike tradisie is die Middeleeuse een in die katedraal van Chartres in Frankryk. Dit was veral in die Middeleeue dat hierdie voorchristelike simbool gekersten en gebruik is vir meditasie deur pelgrims aan die groot bedevaartsoorde van destyds. Daar bestaan vandag nog 22 Middeleeuse labirinte in die Gotiese katedrale van Europa. Pelgrims wat as gevolg van verskillende redes nie na die Heilige Land kon reis nie, het hul pelgrimsgelofte om Jerusalem te besoek vervul deur 'n labirint oftewel "Nuwe Jerusalem" soos dit ook genoem is, te stap. Die stap van die labirint help 'n mens om jou gemoed in 'n rigting te stuur wat oorpeinsing, gebed en jou verbintenis met God aanmoedig. 'n Labirint simboliseer ons reis na binne, waar ons Christus in die diepte van ons wese en innerlike self ontmoet. 'n Labirint bied ook 'n nuttige meditasiemiddel om aan die hand van 'n Skrifteks die pad en kronkels van 'n mens se eie lewensreis te oorpeins deur gefokus te bly op Hom wat ons Ware Weg, Waarheid en Lewe is, Jesus Christus, die Middelpunt van ons bestaan.*

God van Wysheid, U is altyd by ons  
en besig om u weg van waarheid aan ons bekend te maak.  
Verlig ons met u Gees sodat daarna sal strewe  
om u liefde en reg aan alle mense deur te gee.

Versterk ons met u insig en ingewings in ons hart  
om getrou te bly aan u Woord, wat U aan ons openbaar het.  
Ons vra dit in die Naam van Jesus,  
Hy wat ons Weg, Waarheid en Lewe is. Amen.

### **AFSLUITING VAN DIE GEBEDSWEG**

*Soos ons aan die einde van hierdie gebedsweg kom, laat ons nadink oor alles wat ons ervaar het. In die dae wat voorlê sal ons wel die geestelike vrugte kan pluk van hierdie tydjie saam met die Here en in die geselskap van ons hemelse familie. Om ons lewensweg 'n ware gebedsweg word.*

#### **GEBED TOT DIE HEILIGE GEES**

*In die Naam van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees. Amen.*

*V. Kom, Heilige Gees, vervul die harte van u gelowiges en ontvlam in hulle die vuur van u liefde. Stuur uit u Gees en alles word herskape.*

*A. En U sal die aanskyn van die aarde hernuwe.*

*V. Laat ons bid:*

*A. God, wat die harte van die gelowiges deur die Heilige Gees verlig en geleer het, gee dat ons in dieselfde gees werklike wysheid mag besit, en altyd sy vertroosting mag geniet; deur Christus onse Here. Amen.*